**VIR AANDAG: DS D MOUTON**
Die Voorsitter
Sinodale Kommissie
Ned.Geref. Kerk in Oos-Kaapland

Geagte broer

**KONSULTASIEPROSES RE KERKHERENIGING**

Die gesprek met die gemeente in verband met die proses van kerkhereniging is gevoer. Die volgende het onder ons aandag gekom en word deurgegee:

1. Die moontlike verandering van die kerk se naam ontlok geweldige negatiewe reaksie en veral ouer lidmate is hoegenaamd nie hiertoe geneë nie. Die vraag word gevra waarom daar 'n nuwe naam gekry moet word, aangesien die hereniging mos terug is na die oorspronklike kerk, wat mos die NG Kerk was.
2. Lidmate is ontevrede dat hulle slegs geken word in die "**hoe**" van kerkhereniging, soos dit op die konsultasiedokument duidelik gemeld word. Hoe kan daar in die toekoms gestem word oor die "**of**" as die Algemene Sinode dan al klaar daartoe besluit het? Dit maak mos van die hele twee-derde beginsel 'n irrelevante saak.
3. So ononderhandelbaar as wat Belhar vir die VGKSA is, netso **ononderhandelbaar** is Belhar se byvoeging as 'n vierde belydenisskrif vir baie van ons lidmate.
4. Vrae oor die praktyd rondom die Behlharbelydenis word gevra:
   (a) Wat gebeur wanneer 'n gemeente en kerkraad nie ten gunste van Belhar is nie, maar die leraar(s) van die betrokke gemeente wel? Dit kan lei tot groot potensiële konflik tussen leraar(s) en gemeente/kerkraad.
   (b) Hoe lank gaan 'n gemeente/kerkraad/leraar kans gegun word om Belhar as 'n vierde belydenis te aanvaar en wat gaan gebeur indien dit nooit aanvaar word nie?
   (c) Daar word voorsien dat 'n kerkraad in die toekoms net 'n leraar sal beroep, wat betreffende die Behlharbelydenis, soos die kerkraad dink.
5. Baie mense voorsien dat die voertaal wat in rings- en sinodale vergadering gebruik sal word mettertyd Engels sal wees. Daar word verstaan dat daar van tolke gebruik gemaak sal word, maar die realiteit het geleer dat met verloop van tyd daarvan afgesien word aangesien dit vergaderings uitrek. Daar moet verstaan word dat selfs by lidmate wat die herkerenigingsproses goedgesind is, daar groot bekommernis oor die taalkwessie in meerdere vergaderings heers.
6. As die kerk dan eerder 'n Christokrasie as 'n demokrasie is, wat gaan gebeur met die gemeentes wat dalk teen kerkhereniging is en dalk deel vorm van die een-derde minderheid? Sal hulle dan teen wil en dank ingesluit wees in die nuwe kerk, of wat is die pad vorentoe vir so 'n gemeente?
7. Samewerking tussen gemeentes van die NG Kerk en VGK moet eers aangemoedig word, sodat hereniging spontaan en "van onder af" plaasvind. Daar is geen oortuiging dat strukturele eenheid tot beter samewerking sal lei nie. Dit vind dan nie eers nou tussen alle ringsgemeentes plaas nie.

**VOORSITTER**
**KERKRAAD: NG DESPATCH-EENDRAG**